# SONDAG, 24 MEI 2026

*Hou die aankondigings naby u Bybel - dit is ons gebedsgids*

## VANDAG SE PROGRAM

**PINKSTERFEES-NAGMAAL**

**07:40**

Die **Samuel-gebedsgroep** bid om die seën van die Here op die erediens.

**Eredienste**

**08:00 Informele Nagmaalsdiens en 10:00 Tradisionele Nagmaalsdiens:** Chris de Wet
**Skriflesing**: Esegiël 37:14 en 47:1-12
**Tema:** *"Gee strome lewende water deur ons!"*
**Spesiale Deuroffer:** Plaaslike Diens van Barmhartigheid
Digitale Uitsending **08:00**
https://youtube.com/live/lUNMtPRR8qE?feature=share

**GEEN KATEGESE**

- Baie welkom **alle nuwe lidmate**! Meld asseblief na afloop van die erediens aan op die stoep voor die klein kombuisie. Stap by die saal se deur uit en draai links, waar die persone betrokke by die Nuwe Lidmaat-bediening u sal ontvang en verwelkom.
- Alle lidmate word genooi vir *koffie/tee en malvalekkers* tussen die twee eredienste agter in die saal.

## VERJAARDAGWENSE

**Baie geluk aan:**

- **Ansie Louw** (F3), wat op 28 Mei haar **82**ste verjaardag vier,
- **Babsie van Zyl** (F9), wat op 29 Mei haar **89**ste verjaardag vier,

*"Vrede laat Ek julle na; My vrede gee Ek vir julle."*

*Johannes 14:27*

# PROGAM VIR DIE WEEK

**MAANDAG, 25 MEI 2026**

**18:00** **Bybelskool.** Almal is welkom. Ons gaan verder vanaf Eksodus 29.

**DINSDAG, 26 MEI 2026**

**14:00** **Getuienis-diensgroep en almal wat belangstel om by die bediening betrokke te raak** vergader in die konsistorie saam met die leraars.

**15:00** Erediens-Werkgroep in die konsistorie.

**WOENSDAG, 27 MEI 2026**

**18:00** **Kerkraadsvergadering** in die Konsistorie. Bid dat die Here ons sal lei.

**DONDERDAG, 28 MEI 2026**

**11:00-12:00** **Bloeddruk-kliniek** in die Moederskamer.

**16:30** Kooroefening

**17:45** Musiekgroep

Onthou om jou melkkos-bestelling by Elize Kieser 082 335 9473 te plaas.

**VRYDAG, 29 MEI 2026**

**17:00 EN 18:00** Afhaal van heerlike **melkkos-bestellings** in die vierkant voor die groot kombuis.

***NEEM ASSEBLIEF KENNIS DAT DAAR GEEN BYEENKOMSTE IN DIE GEMEENTESENTRUM VANAF MAANDAG, 18 MEI 2026 TOT VERDERE KENNISGEWING GEHOU KAN WORD NIE.***

# VOLGENDE SONDAG – 31 MEI 2026

**BIDDAG VIR EKOLOGIE**

**07:40**

Die **Samuel-gebedsgroep** bid om die seën van die Here op die erediens.

**Eredienste**

**08:00 Informele diens en 10:00 Tradisionele diens:**
**Richard van Wyk**
**Skriflesing**: Markus 2:1-12
**Tema: “**Christene is dak brekers.”
**Spesiale Deuroffer:** **Gemeente Ontwikkelingsfonds**
**Spesiale fondsinsameling Senior Jeug.**
*Pannekoek (R8elk) en Cupcake (R8elk) verkope om 09:00*

**09:00**

**Junior Kategese en Senior Kategese**

## OMGEE VIR MEKAAR... (In blokke ingedeel)

**REEBOK R1 TOT R5**

- **Engela Basson** (R1), sterk tuis aan na hospitalisasie.
- **Ferdi Kieser** (R3), is tuis siek.

**REEBOK WYKE R6 TOT R11**

- **Martie Wentzel** (R11), sterk tuis aan.

**REEBOK WYKE R12 TOT R15**

- **Thinus Bezuidenhout** (R12), word tuis verpleeg.

**REEBOK WYKE R16 TOT R20**

- **Kleintjie Hough** (R20), sterk aan na ‘n knievervangingsoperasie.

**FRAAI-UITSIG WYKE F6 TOT F10**

- **Lydia Gillmer** (F6), sterk tuis aan.
- **Werner Janse van Rensburg** (F14) provinsiale hospitaal in Mosselbaai na 'n beroerte.

**TERGNIET WYKE T1 TOT T9**

- **Poksie de Waal** (T1), is in George Medi-Clinic opgeneem.

## ALGEMENE INLIGTING

### DIE KINDERWET EN DIE KERK

DV **Sondag, 7 Junie 2026** tussen die twee eredienste word alle belangstellendes uitgenooi om te kom hoor wat die implikasies van die nuwe Kinderwet op die kerk het. Hierdie toeligtingsessie is belangrik vir ouers met kinders van 18 jaar en jonger, wat aan enige kerkaktiwiteite deelneem, en vir volwassenes wat direk met kinders werk.

### VLEISTAFEL: SATERDAG, 25 JULIE 2026

As gevolg van die bek-en-klouseer epidemie kon ons nie gedurende ons kermis ’n vleistafel hê nie en beplan ons nou om saam met die jeugbediening se kermis een te hê.- As daar enige persone is wat die week van die 20ste Julie (Maandag) tot die 24ste Julie (Vrydag) wil kom help vleis werk by Brandwacht gemeente kontak asseblief vir **Richard (082 905 7278).** Enige vleis skenkings is ook welkom.

### DROë VRUGTE BESKIKBAAR

Daar is nog **droë vrugte** beskikbaar. Fanie Buys sal DV **Woensdag, Donderdag en Vrydag** tussen **10:00 en 13:00** vanuit die konsitorie droë verkoop

*DANKIE AAN AL DIE DAMES WAT GEDURENDE DIE PINKSTERTYD SOP EN BROODJIES GEMAAK HET!*

## NUWE LIDMATE

*Baie welkom by Reebok Gemeente. Ons vertrou dat elkeen al ingeskakel het.*

- **Jooste,** Barend van George-Suid gemeente (Wyk F12).
- **Pitout,** Eugene Roland en Susan Hendrina Crafford van Weltevreden Gemeente (Wyk R23)
- **Peens,** Elizabeth Magdalena (néé Jacobs) en dooplidmate Danel en Marinel van die gemeente Hartenbos.




**Baie belangrik asseblief**

Die verwysing van alle inbetalings moet asseblief **duidelik** wees, bv. maandbydrae, gewone kollekte, deuroffer, digitale uitsending, barmhartigheid, getuienis, jeug, Soedan of enige ander saak.

Nie u naam en van nie.

**REEBOK GEMEENTE SE BANKBESONDERHEDE**
**ABSA: TJEK REKENING**
**NG KERK REEBOK**
**404 908 7902**
**TAKKODE 632005**

Snap here to pay

SnapScan

Besoek gerus ons Facebook by "NG Kerk Reebok"

**WEBWERF** – www.ngkreebok.co.za

Gaan besoek gerus ons gemeente se webwerf en volg die *skakels* om Vrydae die aankondigings elektronies te ontvang. *Kontak die Kerkkantoor vir hulp*